**De Kruijf, G G 1999 - Christelijke ethiek: Een inleiding met sleutelteksten.**

Zoetermeer: Uitgeverij Meinema. 187 Bladsye. Prys: Onbekend.

**Resensent: Prof I W C van Wyk**

Prof Gerrit de Kruijf (1952) is hoogleraar in Christelike etiek aan die Ryksuniversiteit van Leiden (Nederland). Hy is die outeur van "Waakzaam en nuchter: over christelijke ethiek in een democratie" (1994).

Ons het hier met 'n heel unieke inleiding tot die Christelike etiek te make. Uniek in dié sin, dat hy sy perspektiewe en oortuigings met tekste van verskillende outeurs uit verskillende lande en tydperke toelig. Die tekste is egter nie bloot toeligting van De Kruijf se standpunt nie, maar voeg ook inhoud tot die standpunt toe.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Hierdie is na my mening 'n uitstekende inleiding. Die skrywer het 'n duidelike, goed deurdagte standpunt oor wat Christelike etiek veronderstel is om te wees. Hy het veral 'n uitstekende kennis en begrip van die geskiedenis van die etiek (filosofies en teologies). Dít stel hom in staat om studente (en belangstellendes in die etiek) op só 'n wyse in te lei in die etiek, dat hulle die grondvrae en die eeuelange wisselgange van die diskussie van hierdie grondvrae, goed sal kan begryp nadat hulle hierdie boek deurgelees het. Méér nog: hulle sal 'n duidelike standpunt hê oor hoe daar met die groot vraag na die goeie lewe omgegaan moet word. Wie in hierdie standpunt sal deel, sal die vreugde smaak om in die denktradisie te staan van Augustinus, Luther, Calvyn en Barth.

Die inhoudsopgawe lyk soos volg:

Woord vooraf
Poësie vooraf
Preek vooraf
1. Waaroor handel etiek?
2. Etiek en teologie: Tekste van Kuitert en Barth
3. Wat is *Christelike* etiek?: Teks van Van Oyen
4. Bevryding van die wil
4.1 Wil en wete
4.2 Bevryding: Tekste van Augustinus en Calvyn oor die wil
4.3 Wil en drif: Teks van Nietzsche oor die wil
4.4 Christelike etiek na Nietzsche
5. Skets van 'n Christelike etiek: Teks van O. O'Donovan
6. Wie is ons? oor die geloof: Tekste van Luther en Miskotte
7. Waarvoor lewe ons? Oor die hoop: Tekste van Calvyn en Bonhoeffer
8. Wat is goed om te doen? Oor die liefde: Teks 1 Kor 12-14
9. Liefde en reg: Teks van Niebuhr
10. Uitleiding – Terugblik. Samelewing met 'n verskil: Teks van Augustinus

Wie aandagtig kyk na die inhoudsopgawe sal in 'n groot mate al kan agterkom waaroor hierdie boek handel. Ek verskaf egter graag meer inligting oor hierdie boek waaraan ek baie groot vreugde het. Ja – 'n boek wat beslis verpligte leerstof vir my studente gaan wees (ek hoop net dat die boek spoedig in Engels vertaal sal word, sodat al die swart studente en predikante dit ook sal kan lees).

De Kruijf werk met die stelling dat die Christelike etiek nie beperk kan word tot refleksie oor menslike handeling nie, maar dat dit ook rekenskap moet gee oor die menslike subjektiwiteit en van die bestemming van die mens. Om aan hierdie opdrag uitvoering te gee, meen hy moet die volgende drie grondvrae beantwoord word: wie is ons? hoekom (waarvoor) lewe ons? Wat is persoonlik en maatskaplik goed om te doen? Geen algemene, abstrakte antwoord is op hierdie vrae moontlik nie. Antwoorde op hierdie vrae moet rekening hou met die historiese en kulturele konteks van die potensiële lesers. Om hierdie rede hou De Kruijf dit in gedagte dat die tweede vraag 'n probleem geword het ná Kant, en dat die eerste vraag problematies is ná Nietzsche, met die gevolg dat etiek in Europa hoofsaaklik maar net konsentreer op die besinning oor die maatskaplike handelinge (Habermas). Hierdie is volgens hom 'n negatiewe ontwikkeling, aangesien die handeling hierdeur vereensaam word. Hyself wil 'n ander rigting inslaan. Besinning oor die handeling moet volgens hom in die Christelike etiek geïntegreer word met ander vrae. Die gevolg is dat hy die Barthiaanse standpunt inneem dat die etiek in die dogmatiek tuishoort (hoofstuk 2).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Volgens De Kruijf veronderstel etiek vryheid. Etiek kan slegs dán sinvol wees, wanneer mense die moontlikheid het om vir die goeie te kan kies. Óf daar so iets soos vryheid is, en waarin dit sou bestaan, is nie so maklik om te beantwoord nie (hoofstukke 3-6). Klassiek is die gedagte, dat die goeie gegee is met die ordening van die kosmos. Om hierdie rede moet mens lewe ooreenkomstig die natuur. Die rede is in staat om goed van sleg te onderskei. Die wil sorg daarvoor dat die rede gevolg word. Vryheid ontstaan dus wanneer die wil die rede volg. Sedert Kant tree die wil allesbeheersend op die voorgrond. Volgens hom kan net die wil self absoluut goed wees. Nogtans is hy daarvan oortuig dat die wil deur die rede bepaal word. In die strewe na die doen van die goeie voer die plig (die redelike wil) egter stryd met die neiginge (die onbeteuelbare drifte en drange). Vryheid realiseer sig dus seldsaam en moeisaam. Ná Kant het daar 'n ander, radikaler tradisie ontstaan wat die rede al meer en meer aan die wil en die gevoel ondergeskik gestel het. Hume, Schopenhauer en Nietzsche is daarvoor verantwoordelik dat die mening gedy, dat die mens slegs 'n bondel drifte is; dat goed en kwaad nie bestaan nie, dat vryheid 'n illusie is, en dat 'n mens daarom uiteindelik maar slegs moet hou by wat vir die samelewing nuttig kan wees. Etiek as sodanig is dus binne hierdie tradisie sinneloos en iets waarvan jy jouself ter wille van goeie gesondheid moet bevry.

Volgens De Kruijf worstel die teologie met dieselfde vraagstelling as die filosofie, maar daar word met ander antwoorde gewerk. Volgens die teologiese etiek is die kwaad nie 'n substansie wat mens kan vermy deur bloot die rede te volg nie, aangesien die kwaad in die wil self skuil. Volgens die teologie is die wil nie daartoe geneig om die rede te volg nie (sonde). Om hierdie rede kan mens nie van die vryheid, die vrye subjek, uitgaan nie – omdat, soos Calvyn gesê het: die sondige wil die rede ook nog in diens neem om op hierdie wyse die bose te regverdig. Etiek kan dus volgens De Kruijf nie by die vryheid begin nie, maar by bevryding. Hy sê: "Het evangelie is de verkondiging van de bevrijding van de wil uit de macht der zonde tot de vrijheid van het leven als kinderen Gods. De wil die op drift is geraakt, wordt tot rede gebracht". Vryheid kan binne hierdie denke nie 'n antropologiese kategorie wees nie, maar is vrug van die Heilige Gees. Die vrugte van die Heilige Gees is niks anders as geloof, hoop en liefde nie – waarvan die liefde die belangrikste is; die enigste ware goeie. Die goeie word slegs gerealiseer deur daarvoor te bid, dit te soek en dit na te strewe – met ander woorde: deur gehoorsaam te wees.

"Gehoorsaamheid" klink heel ortodoks Calvinisties. Dit is dit ook! Maar, is dit nie in ons wêreld té esoteries nie? De Kruijf meen nie so nie. Hy meen, dat die kerk alleenlik dán 'n sinvolle bydrae tot die samelewingsontwikkeling kan maak, wanneer hy aan sy eie identiteit getrou bly. Hy besef egter ook, dat deur bloot aan eie identiteit, tradisie en oortuigings vas te hou, nog geen invloed op 'n gesekulariseerde samelewing sal uitoefen nie. Om hierdie rede moet gelowiges, die kerk en die teologie kompromieë aangaan met strominge in die samelewing wat na aan die evangelie staan. Ter wille van invloed in die huidige samelewing, moet daar dus 'n dubbele benadering gevolg word: soeke na suiwerheid en kompromis, vashou aan die eie unieke identiteit en samewerking met diegene met wie dit hoegenaamd moontlik is. Dít is niks anders as die werk met die "twee-ryke-leer" nie – die tradisie van Augustinus, Luther, Calvyn en Barth nie.

Ek wil ten slotte hierdie boek weer van harte aanbeveel. In Gerrit de Kruijf het ons werklik 'n kollega, geesgenoot en navolgingswaardige denker.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services